# Tydvorme: Verlede Tyd

Wanneer ons sinne in die verlede tyd skryf is daar reëls wat ons moet volg.

- Reël 1: Ons gebruik die woorde "Gister het/was".
- Reël 2: Die werkwoord kry 'n ge- by bv. gelag.
- Reël 3: Die werkwoord gaan staan agter in die sin.
- Reël 4: Die woord verander: is → was.

→ Bertus doen sy huiswerk.

→ Bertus het sy huiswerk gedoen.

→ Gister het Bertus sy huiswerk gedoen.

→ Bertus is gehoorsaam.

→ Bertus was gehoorsaam.

→ Gister was Bertus gehoorsaam.



Skryf die sinne oor in die toekomende tyd.

1. Gerda speel met haar nuwe pop.

Gerda het met haar nuwe pop gespeel.

2. Bertus en Karel is beste maats.

Bertus en Karel was beste maats.



(c) www.myklaskamer.co.za (2020)

# Tydvorme - Verlede Tyd

Skryf die sinne in die verlede tyd sonder die gebruik van 'n raamwerk, bv. Jan het die bal geskop.

1. Bertus en Jaco is beste maats.

   Bertus en Jaco was beste maats.

2. Ons hou 'n piekniek langs die dam.

   Ons het 'n piekniek langs die dam gehou.

3. Die graad 3-klas is opgewonde oor die uitstappie na Robben Eiland toe.

   Die graad 3-klas was opgewonde oor die uitstappie na Robben Eiland toe.

4. Die maats sal 'n visvangkompetisie hou.

   Die maats sou 'n visvangkompetisie hou.

5. Ek is baie opgewonde oor my nuwe fiets.

   Ek was baie opgewonde oor my nuwe fiets.



(c) www.myklaskamer.co.za (2020)